NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

3 Februarie 2019

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. Toewytyd 3. **Psalm 71 : 1 – 6.** *Wees God se wonderwerk!*
2. **Kleuterkerk** (3-6 jr) in die koffiekroeg.
3. **Welkom nuwe lidmate.** Meld na die erediens by die diensspan by die kombuistoonbank aan.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

10 Feb	Toewytyd 4. Omgeegroepe.
17 Feb	Toewyfees en Nagmaal. Sanggroep
24 Feb	Omgeegroepe
3 Mrt	Musiekgroep
10 Mrt	Lydenstyd 1. Omgeegroepe

2. **Ds Servaas** is hierdie week uitstedig van Maandag tot Donderdag. Kontak asb die kerkkantoor of ds Rian indien enige diens verlang word.
3. **Baie welkom aan nuwe lidmate** wat onlangs by ons aangesluit het: Mario en Jolandi Lottering en gesin; Annalise van Staden; Bets Zietsman, Charl en Janine Marais en gesin, Eugene en Pauline Nieuwoudt en gesin, Julia Kotzé, Wilco Kamffer, Linda Laubscher, Louise Taljaard, Frans en Maxime van den Berg en gesin, Suzette Nieman, Riaan Heenop, Sakkie en Elsa Louw, Gerard en Elriena Delport, Barney en Alta Pretorius. Jimmy en Anna Meeding, Leon en Sandra Rossouw, Ellen Bester, Leon en Arina Rossouw, Elsabé Maritz.

VERJAARSDAGWENSE



03/02 Anneli Havenstein, Henro Rossouw
06/02 Dirk de Jager, Christoff de Kock, Conrad de Kock, Martiens Prinsloo, Cynthia Spies
07/02 Annaleen Bezuidenhout, Frikkie Botha, Shani Oberholster, Jean Strauss, Stefan Viviers
08/02 Rita Bloom, Giel Oberholster, Kobus Stone
09/02 Adriaan de Lange, Zariëtte Greeff, Michael Holmes

BASAAR 2019 – VRYDAG 1 MAART

Merk NOU die datum. Nooi die familie en vriende vir die groot kuieraand!
Stuur of bring asb die Basaar-bydraevorm terug – voor **17 Feb.**
Tombola-goeters en bydraes vir Padstal-tafel baie nodig.

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (083 767 2986), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Casper en Beth Spies** (011 787 2109), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).
2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **Fanie Grobler** (083 659 5833) ontvang behandeling vir 'n terugslag in sy gesondheid.
   - **Hyla Dannhauser** (011 793 2559) ontvang behandeling vir verskeie gesondheidsprobleme.
   - **Annie Oosthuizen** (067 031 1645) herstel na 'n heup-operasie in die Kaap.
   - **Kosie en Christine Loots** (083 654 7678) se seun **Henno** is chroniese siek met 'n lewerkwaal.
   - **Annakie van Zyl** (084 043 3069) ontvang behandeling in Wilgeheuwel.
   - **Pieré le Roux** (083 231 0107) herstel van 'n knie-vervanging.
   - **Leon en Pollie Mereis** (082 342 0489) se kleindogter **Mignon** (16 jr) herstel na terapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) herstel na 'n rugoperasie. Haar dogter **Sloan** ontvang ook steeds chemoterapie.
   - **Chris de Waal** (082 926 2282) se suster ontvang terapie.
   - **Johan en Elize Kemp** (082 700 8896) se dogter *Michelle* (sy woon in Engeland) herstel van 'n verdere operasie nadat sy ernstige oogbeserings in 'n ongeluk opgedoen het.
3. **Simpatie: Dolf en Tharien van den Berg** (083 767 2986) met die afsterwe van sy suster. **Ronnie en Anna de Frey** (011 793 2830) met die afsterwe van haar suster.

GEBEDSBEDIENING

'n **Whats App-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: of SMS aan 082 570 4309. **Gebedskandelare** teen die muur langs die groot ingangsdeur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief*kers wil opsteek.

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R40** beskikbaar stel vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds sodat al meer Bybels versprei kan word maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 3 Feb – Psalm 71 : 1 - 11

Stil word en aanbidding: Lees **Jeremia 1: 4 -10** as 'n gebed. Dink na oor jou lewe en aan die dinge wat jou terughou of verhoed dat jy voluit lewe?

Woord: Psalm 71 kan beskryf word as 'n hoopvolle vertrouensgebed; in hierdie gebed is daar telkens 'n beweging van 'n noodroep na 'n geloofsbelydenis. Dit is asof hierdie patroon homself 3 keer in die psalm herhaal: die noodroep in verse 1-4, die belydenis van vertroue in verse 5-8; dieselfde in die oorblywende deel van die psalm (verse 9-13 en 14-17; ook vers 18 gevolg deur verse 19-24). Die psalm gee aanduidings daarvan dat die bidder in hierdie geval 'n ouer persoon is – "*Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie, moet my tog nie alleen laat nou dat my kragte ingegee het nie*" (vers 9). "*Nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God* ..." (vers 18). Die boodskap wat hierdie bidder bely is dat iemand wat op weg deur die lewe sy vertroue op die Here plaas deur al die seisoene van menswees daarmee volhou: van geboorte af (vers 6); as jongmens (verse 5 en 17); as bejaarde (verse 9 en 18). Lees Ps. 71 heeltemal deur en veral weer verse 1-6.

Gesprek

1. In vers 6 lees ons, "U is my hulp van voor my geboorte af". Dink na oor jou lewe en vertel hoe jy al God se hulp in jou lewe beleef het.
2. "Ek is vir baie 'n wonder⋯" (vs. 7). Hoe lyk die lewe van iemand van wie dit gesê kan word? Ken jy so iemand? Waartoe inspireer dit jou? Wat moet jy anders doen? Dink na oor die lewende geloof van ouer navolgers van Jesus wat 'n merkbare invloed op julle lewens gehad het. Wat het vir julle uitgestaan?
3. Die Psalm is 'n klaaglied, maar ons sien ook uitsprake van hoop, geloof en vertroue daarin. Wat leer ons uit hierdie teenstrydigheid?
4. Waarin vind die Psalmdigter sy identiteit? Waarin soek mense deesdae hulle identiteit? Hoekom is dit problematies? Waarin vind jy jou identiteit? Watter verskil maak dit om jou identiteit in God te vind? Hoe beleef jy dit?
5. Hierdie Psalm klink soos die nadenke van 'n ouer persoon wat aan die einde van sy lewe is. Verbeel jou jy is aan die einde van jou lewe en jy kyk terug. Skryf neer hoe jy graag onthou sal wil word en deel dit met mekaar. Hoe maak ons seker dat hierdie lysie waar word?
6. Lys die beelde wat hier gebruik word vir God waarop die bidder hom verlaat. Watter beeld het jou as volgeling van Jesus die meeste getref? Waarom?

Afsluiting: In vers 24 lees ons waar die Psalmdigter uit dankbaarheid sê, "Ek sal die hele dag deur praat van u verlossingswerk?" Op watter maniere kan julle ook "praat" oor God se verlossingswerk? Lof is die gepaste reaksie op God se trou. Hoe wil jy op God vandag reageer?

KATEGETE VIR 2019

Kleuterkerk	Jolene de Kock	Marnelle van der Merwe	Nanette Green Jancis van Biljon
Kleinkerk	Yolanda van der Merwe	Adri Ueckermann	
Gr 3 en 4	Marlize Oosthuizen	Tania Chuck	André en Marisa Combrinck
Gr 5 en 6	Welma Prinsloo	Karien Jones	Ilse Grobler
Gr 7	Pieter Jooste		
Gr 8 en 9	Willem en Amanda Nel		
Gr 10 - 11	Daneel Lombaard	Hermann van Huyssteen	Rian Steenkamp

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za tuisblad.

SNUFFELGIDS

1. **Moedeloos met gesondheid?** Ozone behandeling. Fat Freezing. Kontak 066 232 0942 of www.mwellness.co.za.
2. **Betrekking beskikbaar:** Ondersteun bejaarde dame in Olivedale Aftree-oord met klein takies en weeklikse roetine afsprake se vervoer vir 6 maande. Kontak Ria Holmes - 082 773 4292.
3. **Au Pair gesoek:** Afrikaans sprekende meisie vir elke middag van Maandag tot Vrydag van 13h30-17h00. Laai 2 dogters (Gr 3 en 6) by skool in Bryanston op en help met huiswerk en take by hul huis in Paulshof, sowel as rondry vir buitemuurse aktiwiteite. Verkieslik iemand 25 jr en jonger wat besig is met studies. Kontak Thelmari - 082 5511 822.
4. **Just Bee-Coz Creations:** Kontak ons gerus vir enige funksie se dekor. Van troukaartjies tot kinderpartytjies. Geskenkies en vele meer. Anna Meeding - 079 494 6155.
5. **Herstelwerk:** Enige bestaande of nuwe huise/besighede, verbeteringe, herstel en opknappingswerk. Ons doen ook elektriese installasies, loodgieterswerk, palissades en motorhuisdeure. Skakel Marius by 082 481 4863 vir verdere navrae.
6. **Anjusys Construction & Renovations:** Goedgekeur deur versekeringsmaatskappye. Huisverbeterings, verf-, teël- hout- en waterdigtingsprojekte. Julian – 082 464 6207.
7. **Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
8. **Koop jy huis? Doen jy veranderinge aan jou huis?** Dan het jy hierdie boek nodig. Alles wat jy moet weet! Kontak Albert van Wyk - 083 375 6789 of www.proudhomeowner.co.za.
9. **Te huur:** Moderne ruim tuinwoonstel vir R7 950 pm, eie parkering, veilig, internet. Kontak 082 920 6163 vir navrae.
10. **Aftrede???** Gereformeerde Kerk Linden hou Saterdag 16 Februarie 'n seminaar oor die lewe na aftrede. Koste R100 pp. Bespreek teen Woensdag 13 Februarie by Retha Els (082 852 3231).